Liturgie vir Sondag 15 Mei 2016 - Pinkstersondag en Vigsherinneringsondag

Met erkenning aan Woord en Fees waaruit uittreksels aangehaal word.

Inleiding

"Op Pinkstersondag vier ons op feestelike wyse Jesus se oorwinning en die vervulling van sy beloftes vir die kerk. Een van sy beloftes was dat sy Heilige Gees die Kerk sal lei. Jesus is inderdaad die Waarheid. Sy beloftes word waar! Hy is ook die Ewige Lewe en die Weg na die Vader. Die Heilige Gees kom lei Jesus se bruid in die volle waarheid terwyl Hy vir haar plek gaan gereedmaak..."

"Vandag se tekste fokus op God se verlossing deur sy Gees. Skepping en herskepping is sleutelbegrippe… die volgelinge van Jesus ontvang die Voorspraak, die Gees van waarheid. Sy volheid word bedoel vir alle mense…"

Alhoewel dit voor die hand liggend mag wees, is dit tog nodig om mekaar partykeer daaraan te herinner dat *alle mense* beteken – ook mense wat anders dink as ek, ook mense met wie ek nie altyd goed regkom nie. Maar vandag wil ons veral beklemtoon dat met *alle mense* ons ook dink aan mense wat bekommerd, hartseer en siek mag wees, dink ons ook aan mense wat gestigmatiseer word en baie keer onwelkom voel in ons kerke. Die volheid van die Heilige Gees is bedoel vir *alle mense*.

Pinstersondag val ook vandag saam met Vigsherinneringsondag en is dus ook 'n geleentheid om ons te herinner aan MIV en Vigs. Die tema hierdie jaar is "Engage, Empower en Educate" en vra dus dat ons nader aan mekaar sal staan sodat ons mekaar kan hoor, maar ook kan bemagtig en inlig rondom hierdie siekte.

Liturgiese voorstel

God versamel ons voor Hom

Pinksterlitanie (aangepas uit Woord en Fees)

Voorganger: Gees van die lewende God, werk in ons op hierdie Pinksterfees.

Gemeente: Kom, Heilige Gees

Voorganger: Kom en maak ons een, breek die mure van skeiding tussen u kinders af.

Gemeente: Kom, Heilige Gees

Voorganger: Gee ons sagte oë om na mekaar te kyk en vul ons met die wete dat U gekom het vir alle mense.

Gemeente: Kom, Heilige Gees

Voorganger: Maak ons harte branded om te getuig van u oorwinning, liefde en u troos.

Gemeente: Kom, Heilige Gees

Voorganger: Vul ons met krag te midde van beproewings.

Gemeente: Kom, Heilige Gees

Voorganger: Bring ons, U gemeente nader aan mekaar en nader aan die wat U nodig het.

Gemeente: Kom, Heilige Gees

Bykomende gedagtes tot die teks en konteks

Hierdie teks herinner aan die baie menslike behoefte om "God te sien". As ons vandag rondom ons kyk, sou daar baie stemme opklink wat die bestaan van God betwyfel en sou ons as gelowiges ook kan getuig van tye in ons eie lewens wat ons moedeloos geroep het na 'n skynbaar afwesige God.

Pinkster herinner ons daaraan dat Jesus vir ons die Voorspraak, die Heilige Gees gestuur het om ons te bly herinner aan Jesus en sy leerstellings. Die Heilige Gees help ons ook vandag steeds om Jesus se leerstellings te verstaan binne ons uitdagende konteks.

'n Konteks waarin oorlog, korrupsie, uitbuiting, armoede, natuurrampe maar ook siekte en hulpeloosheid baie werklik is.

Waar is God in hierdie nood?

Vanoggend wil ons mekaar ook herinner dat God teenwoordig is in en deur elkeen van ons, sy kinders wat na God se beeld geskape is.

Op Pinkstersondag en Vigsherinneringsondag is die oproep dan tot ons om nie net vas te hou aan die woorde en beloftes van Jesus en die teenwoordigheid van die Heilige Gees in ons nie, maar ook om te verstaan hoe ons elkeen self geroep word om met ons menswees juis gestalte te gee aan God en God se teenwoordigheid in 'n stukkende wêreld.

Ons kan dit op verskillende praktiese maniere doen. Vandag kan ons op simboliese manier daaraan gestalte gee deur een of meer van die volgende te doen:

Ons kan vandag ekstra kerse aansteek in die liturgiese ruimte wat simbolies is daarvan dat ons God se lig en hoop ook wil bring na die nood rondom ons.

(Indien u hierdie opsie kies, beplan vooraf hoeveel ekstra kerse u wil aansteek en of die verskillende kerse benoem sal word soos dit aangesteek word. Maak wel seker dat een van hierdie kerse wel aan MIV en Vigs gekoppel word.)

Die gemeente sou genooi kon word om kerse tuis aan te steek om daaraan te herinner dat elkeen van u self 'n verskil kan maak aan ander se nood.

U sou spesifiek vandag 'n kers kon aansteek vir mense wat met MIV of Vigs leef

Maar veral wil ons u vandag nooi om na mekaar te draai, mekaar in die oë te kyk en daarmee te sê – ek kies om sag te kyk. Ek kies om met God se oë te kyk en sodoende weet ons dat iets van God se teenwoordigheid meer tasbaar sal wees in ons en deur ons.

Uitsending na die preek:

Die prediker moet vooraf besluit na aanleiding van die kerkgebou en ingesteldheid van die gemeentelede watter van die onderstaande moontlikhede gebruik moet word:

1. Laat die gemeentelede in die oopruimte sirkels vorm sodat hulle na mekaar kan kyk en mekaar se hande kan vashou of hulle hande op mekaar se skouers kan plaas.
2. Laat die eerste ry se lidmate omdraai om na die tweede ry se lidmate te kyk, en laat hierdie 2 rye nou hande neem om op hierdie wyse 'n "sirkel" te vorm.
   Die derde en vierdie rye moet dan weer 'n "sirkel" vorm en so elke volgende 2 rye.
3. Laat bloot dat die lidmate soos hulle in hulle rye staan mekaar se hande vat, of dat hulle nader aan mekaar staan en hulle hande op mekaar se skouers sit.

Liturg:

Liewe Gemeente, op hierdie Pinstersondag erken ons teenoor mekaar dat ons 'n diepe behoefte het aan God se teenwoordigheid, wetend dat in hierdie stukkende wêreld van ons, ons almal hunker na 'n dieper bewustheid van God se teenwoordigheid.

As God se verteenwoordigers, geskape na God se beeld, nooi ek u nou om saam op te staan en op 'n tasbare manier vir mekaar te sê: Ek kies om sagter te kyk.

Wanneer almal so in hulle sirkels of rye staan, gaan voor in die onderstaande gebed.

Gebed: Hemelse Vader as ons as broers en susters hier staan en aan mekaar raak, mag dit simbole wees van ons wat in die geloof uitreik na U. Maar mag ons hierdie aanraking ook as simbolies beleef van U teenwoordigheid en U aanraking van ons. Dankie dat U onse Hemelse God en Vader is wat uself oor ons ontferm. Dankie ook dat U ons gebruik om gestalte te gee aan U ontferming oor elkeen van ons wat hartseer, siek en in vertwyfeling mag wees.

Help ons so Vader om u opdrag om die liefde wat Christus aan ons betoon het en steeds betoon, teenoor ander mense uit te leef. Mag ons vandag, hier waar ons staan en ons broeders en susters direk aankyk, hulle met sagte oë aankyk. In ons wêreld het ons gewoond geraak aan harde kyke en liefdelose optrede teenoor mekaar. Ons ken verwerping en veroordeling. Ons beskinder mekaar en wys voortdurend vinger na mekaar. Daarom het ons nodig dat Christus en U Heilige Gees meer gestalte in

ons sal kry, sodat U liefde in ons en deur ons tasbaar teenwoordig sal word. Maak ons bereid om sagter na mekaar te kyk en sodoende U te verteenwoordig in ander se pyn en nood.

Here God, in ons nood en siekte mag van ons U as ver, vreemd en afsydig beleef, U selfs nie werklik ken nie. U het ons egter vandag weer kom oortuig dat U in Christus en deur die Heilige Gees by ons is en in ons almal se lewens teenwoordig is. Help ons om U in Christus en deur die Heilige Gees te ken. Mag ons almal opnuut hiervan deur U Gees oortuig word, en mag Hy ons met U krag vul om ons innerlik sterk te maak sodat ons die daaglikse stryd wat ons stry, oorwinnend sal doen.

O Gees van God laat ons hier uitgaan, met nuwe moed en nuwe voornemens om aan mekaar en veral hulle in nood U liefde, omgee, empatie en medelye uit te leef.

Amen

Met erkenning aan

Woord en Fees, 2015 – 2016. Pinksterfees, 15 Mei 2016, Preekstudie – Johannes 14:8-17, (25 – 27), p. 76 – 82. Uitgegee deur Communitas en Bybel-Media.

Saamgestel deur Dr. Koos van der Vyfer o.a. verbonde aan Gesamentlike Vigstaakgroep van Bediening vir Armoede en Sorg en Aneleh Fourie-Le Roux (CABSA).

Vir meer inligting oor MIV, VIGS en die rol wat die kerk kan speel, besoek www.cabsa.org.za

VIr meer liturgiese opsies om tydens die erediens te gebruik, gaan na

http://www.cabsa.org.za/content/aids-candlelight-memorial-sunday